VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

24 APRIL 2020
HERDERSBRIEF #7B

Geliefde Gemeente,

Ek vra weer eens u aandag vir ***Open. 1:10***. **"Om in die Gees te wees"**.

As daar ooit 'n tyd is wat aangebreek het, wat groot uitdagings vir elke gelowige inhou, dan is dit *nou*.

Dit is slegs die Heilige Gees wat ons kan leer en lei in alle waarheid – ***Joh. 16:13***. Ons besef ons diepe afhanklikheid van die Heilige Gees.

Dit is van kardinale belang, dat elkeen van ons met die Heilige Gees vervul mag wees, want dit is in en deur die Heilige Gees, dat Jesus Christus aan ons geopenbaar word, en dat die wedergeboorte in ons bewerk word. Deur die Heilige Gees word die **KARAKTER EN NATUUR VAN GOD** aan ons oorgedra word. Dit is die Heilige Gees wat Jesus Christus verheerlik – ***Joh. 16:14***.

Daar is 'n groot verskil tussen 'n swart en wit foto en 'n kleurvolle foto. Om sonder die Heilige Gees te wees, is die gelowige soos 'n swart en wit foto. Dit is die Heilige Gees wat kleur en betekenis aan ons geloofslewe gee. Ek sidder by die gedagte hoe enig iemand die inperking, sonder die Heilige Gees, kan hanteer. Dit is die Heilige Gees wat hierdie dag, vir ons 'n betekenisvolle dag maak. Dit is die Heilige Gees wat ons rigting bepaal. Dawid het in sy boetegebed: ***Ps. 51:13*** gebid dat God die Heilige Gees, nie van hom sou wegneem nie.

**<u>Wat dit beteken om: "in die Gees" te wees</u>:**

- Eerstens, om te weet en te verstaan, dat dit deel van die Saligheidsplan is;
- Om die Heilige Gees in erkentenis te hou;
- Die perspektief dat, dit o.a. die funksie van die Heilige Gees is: ***"om Christus te verheerlik"***;
- Dat die Heilige Gees rigting bepaal;
- Dat die Heilige Gees die oortuigingswerk in ons binneste doen;
- Dat die gawes van die Gees, en die vrugte van die Gees waar is in ons lewe;
- Dat dit die Heilige Gees is wat ons dormante gees, opwek en toerus;
- Dit beteken die noodsaaklikheid, om met die Heilige Gees vervul te wees. In ***Hand. 19:2*** vra Paulus aan 'n klompie dissipels wat van Éfese afkomstig is: ***"Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het?"*** en in ***vers 6*** word daar vir hulle gebid – deur handoplegging – en hulle word vervul met die Heilige Gees, spreking in ander tale.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Ter ondersteuning van u geloofslewe, en onder die spesifieke inspraak van die Heilige Gees, wil ek graag die volgende aan u voorhou:

***Jes. 61:1-3*** *"Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis;* ***vers 2*** *om uit te roep 'n jaar van die welbehae van die HERE en 'n dag van die wraak van onse God; om al die treurendes te troos;* ***vers 3*** *om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees; sodat hulle genoem kan word terebinte van geregtigheid, 'n planting van die HERE, tot sy verheerliking."*

Om in die Gees te wees beteken, dat jy in die Koninkryk van God 'n ***"dienaar"*** geword het, en dat die aard en inhoud van ons bediening die volgende resultate tot gevolg sal hê:

***Jes. 61:4 "En hulle sal die ou puinhope bou, die verwoeste plekke uit vroeër dae weer oprig en die verwoeste stede weer nuut maak wat woes was van geslag tot geslag."***

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335